# HOOFSTUK 11

# *DIE NEUTRALITEITSVRAAGSTUK*

## 11.1 INLEIDING

Die reg op sesessie is onlosmaaklik aan die reg op neutraliteit verbind.[1] Sesessie impliseer immers neutraliteit.

Neutraliteit of onpartydigheid is die toestand waarin 'n land verkeer wanneer die land tydens 'n oorlog onbetrokke is. Die reg op neutraliteit sou in die twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis, veral in die dertigerjare, 'n uiters belangrike geskilpunt tussen politieke partye word.

Pas na Uniewording was die neutraliteitsvraagstuk 'n aktuele besprekingspunt wat in die hoogste politieke kringe voorgekom het. Die ***Volkstem***, amptelike spreekbuis van die regerende SAP, het in 1911 die mening uitgespreek dat dominiums van die Britse Ryk neutraliteitsreg besit het.

Vir Louis Botha, Eerste Minister van Suid-Afrika en leier van die SAP, was sy koerant se uitlating 'n groot verleentheid. Hy was juis in Londen tydens die Rykskonferensie van 1911 waar hy aan Lloyd George en Winston Churchill die versekering gegee het van Suid-Afrika se steun aan Engeland ingeval laasgenoemde met Duitsland in 'n oorlog betrokke sou raak. Botha was oortuig dat die Engelse publiek nie genoeë sou neem met 'n beleid van neutraliteit nie. Die beleid sou volgens hom meebring dat Suid-Afrika in sy eie hawens dieselfde geriewe aan beide Duitsland en Engeland moes verskaf. Dié situasie sou die klimaat vir burgeroorlog in die land skep.[2] Botha het gevolglik sy koerant gerepudieer. Vir hom was neutraliteit buite die kwessie.[3]

F.S. Malan, Minister van Onderwys, het gesê dat daar vanuit 'n konstitusionele oogpunt geen twyfel kon bestaan dat as een deel van die Britse Ryk in oorlog

---

1 J.H. Hofmeyr, "Neutrality really means secession", ***The Forum***, vol. 1, 23 Nov. 1938, p.4.

2 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., pp.201,202.

3 J. Meintjies, ***General Louis Botha*** ..., p.183; vgl. C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, p.368.

gewikkel was, die res van die Ryk outomaties ook daarby betrokke sou wees nie.[4] J.C. Smuts, Minister van Binnelandse Sake en Verdediging, was na die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog ewe seker dat Suid-Afrika vanselfsprekend aan Brittanje se kant in die oorlog betrokke sou wees. Vir beide Botha en Smuts was die kernvraag of Suid-Afrika sy plig as 'n deel van die Britse Ryk sou nagekom het. Volgens hulle was dit ook Suid-Afrika se eer om Brittanje in die oorlog te ondersteun.[5]

Vir Botha en Smuts was dit 'n sterk oorweging om op een of ander wyse deel van die eens magtige Britse Ryk, met sy massiewe vloot, te kon wees.

J.B.M. Hertzog, leier van die nuutgestigte NP, se standpunt was dat Suid-Afrika, hoewel in 'n staat van oorlog, sy eie belange en nie die van die Britse Ryk nie voorop moes stel. Dit sou meebring dat Suid-Afrika self sou bepaal in watter mate hy fisies aan die oorlog sou deelneem.[6]

Die standpunte maak deel uit van twee politieke denkrigtings wat in die Suid-Afrikaanse politiek uitgekristaliseer het. Die Ryksgesinde denkrigting, wat die belange van die Britse Ryk voorop gestel het, en die nasionalistiese denkrigting, wat Suid-Afrika se belange eerste gestel het. Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie is derhalwe regstreeks deur hierdie denkrigtings geraak.

Die stigting van die NP in 1914 was 'n uitvloeisel van dié nasionale denkrigting. Die party se Program van Beginsels het 'n goeie aanduiding van die party se siening oor neutraliteit verskaf. In Artikels 3 en 4 waar Suid-Afrika se verhouding teenoor die Britse Ryk omskryf word, word baie klem op die onafhanklikheidstrewe van die NP geplaas.[7]

Dit was in 1916 duidelik dat Nasionaliste 'n begeerte gehad het om uit die Britse oorloë te bly. Beide die Vrystaatse en Transvaalse NP-kongresse het Ryksgesindes se strewe na 'n nouer band tussen Suid-Afrika en die Britse Ryk afgekeur. Dit sou

---

4 D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot ...***, pp.40,41.

5 J.C. Smuts, ***Jan Christiaan Smuts***, pp.134-137; vgl. D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot ...***, pp.41,42.

6 L.E. Neame, ***General Hertzog ...***, pp.167,168; vgl. D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot ...***, p.42.

7 INEG, Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P24.69, Nasionale Party van Transvaal: beginsels, konstitutie en statuten, 7-9 Jan. 1914; vgl. O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., pp.189,190,314,315.

volgens hulle slegs daartoe aanleiding gee dat die Unie in oorloë van Brittanje betrokke kon raak.[8]

Hertzog het op 16 Januarie 1919 tydens die "onafhanklikheidskongres" van die NP in Bloemfontein gesê dat die geweld van die oorlog die ganse mensdom tot besinning gebring het. Die oorlog het ook die oortuiging by elke individu laat posvat dat elke mens 'n onvervreembare reg op vryheid besit het. Die kongres was oortuig dat die reg op vryheid waarna Hertzog verwys het, ook vir die Unie van Suid-Afrika gegeld het. Gevolglik is 'n deputasie verkies om by die Britse Regering en die Paryse Vredeskonferensie onafhanklike status vir die eertydse Vrystaatse en Transvaalse Republieke op te eis.[9]

Tydens die 1926-Rykskonferensie het verteenwoordigers van Brittanje en sy dominiums die statuskwessie van die Gemenebeslande bespreek. Die resultaat, die Balfour-verklaring, was oop vir verskeie vertolkings, ook ten opsigte van die betekenis wat dit vir die neutraliteitsvraagstuk ingehou het.

Die neutraliteitsvraagstuk het in Maart 1928 tydens die Volksraadsitting onder die politieke soeklig gekom. Gedurende die sitting het Hertzog daarop gewys dat die status van soewereine onafhanklikheid van lede van die Britse Stategemeenskap die reg op neutraliteit ingehou het.[10]

Nasionaliste en sommige Arbeiders het hul leier, Hertzog, ondersteun in sy siening dat Suid-Afrika die reg op neutraliteit besit het. Dr. N.J. van der Merwe, NP-LV vir Winburg, het gesê dat die Nasionaliste vryheid in binne- en buitelandse sake eis. Dit het die reg op sesessie en neutraliteit ingesluit.

Van der Merwe het erken dat Suid-Afrika se belange bevoordeel sou word deur voorlopig nie van die Britse Ryk af te skei nie. Hy wou nogtans duidelikheid omtrent Suid-Afrika se reg op neutraliteit hê. Die vertolking wat die opposisie aan die Balfour-verklaring gegee het, waarin neutraliteit ontken word, was nie vir hom aanvaarbaar nie. Volgens hom sou die ontkenning van die Unie se neutraliteitsreg daarop neerkom dat 'n propagandaveldtog ten gunste van afskeiding van die Britse

---

8 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., p.316.

9 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 1 ..., pp.334-337.

10 G.D. Scholtz, ***Hertzog en Smuts en die Britse Ryk***, pp.101,102; vgl. J.H. le Roux, ***Die Engelssprekende as faktor*** ..., pp.73-75.

Kroon, in momentum sou toeneem.[11] H.D.J. van Broekhuizen, NP-LV vir Pretoria-Suid, het soos Van der Merwe gemeen dat die opposisie se ontkenning van Suid-Afrika se neutraliteitsreg die strewe na sesessie sou stimuleer.[12] F.H.P. Creswell, Minister van Verdediging, het ter ondersteuning van die standpunt dat die Unie die reg op neutraliteit gehad het, gesê dat Suid-Afrika ten opsigte van buitelandse aangeleenthede volkome vrye teuels gehad het.[13]

Creswell se verwysing na buitelandse aangeleenthede het daarop gedui dat Nasionaliste hul aanspraak, naamlik dat Suid-Afrika die reg op neutraliteit besit, aan 'n vertolking gekoppel het dat die Balfour-verklaring daardie reg impliseer.

Die opposisie-leier, Smuts, het van hierdie standpunte verskil. Hy het eenheid van die Britse Stategemeenskap beklemtoon. Volgens hom was 'n gees van kameraadskap baie belangrik. Hy was van mening dat die neutraliteitskwessie 'n akademiese saak was en dat verhoudinge tussen Suid-Afrika en Brittanje sodanig was dat daar van neutraliteit geen sprake kon wees nie. Volgens Smuts sou feite en die openbare mening uiteindelik bepaal watter beleidsrigting die Unie in geval van 'n Britse oorlog moes neem.[14]

Lede van die opposisie het hul leier se standpunt gedeel. Hulle was eenparig in hul siening dat Suid-Afrika, as lid van die Britse Gemenebes, nie 'n neutraliteitsverklaring kon maak nie. Die algemene gevoel was dat Hertzog nie die saak in die Volksraad moes opgehaal het nie, aangesien die Britse Kroon volgens hulle nie deelbaar was nie en gemeenskaplike trou aan die Kroon neutraliteit heeltemal uitgeskakel het.[15]

G.H. Nicholls, SAP-LV vir Zoeloeland, het ewe-eens Gemenebeslede se gemeenskaplike trou aan die Britse Kroon beklemtoon. Hy het die feit dat Hertzog die neutraliteitskwessie te berde gebring het, as onnodig bestempel. Dit was vir

---

11 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., pp.163,164.

12 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., pp.164,165.

13 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.164.

14 J.H. le Roux, ***Die Engelssprekende as faktor ...***, pp.74,75; vgl. J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., pp.162,163.

15 J.H. le Roux, ***Die Engelssprekende as faktor ...***, pp.75-77.

hom duidelik dat Hertzog doelbewus Suid-Afrika se onafhanklike status wou beklemtoon.[16]

Thomas Watt, SAP-LV vir Dundee, het gemeen dat die Unie nie neutraliteit as lid van die Britse Gemenebes kon toepas nie. W. MacIntosh, SAP-LV vir Port Elizabeth-Suid, was dit met Smuts eens dat Hertzog met die ophaal van die neutraliteitsvraagstuk bewys gelewer het dat hy nog nie die ware gees van samewerking en gemeenskaplike belange binne die Britse Ryk waardeer het nie.[17]

## 11.2 DIE AARD EN OMVANG VAN DIE NEUTRALITEITS-KWESSIE

Ter wille van samewerking tussen Hertzog en Smuts was daar 'n geneigdheid onder hulle volgelinge om dié vraagstuk uit die politieke arena te probeer hou. Vir Nasionaliste was dit belangrik om aan te toon dat oorlog 'n aktuele kwessie was wat nie weggeredeneer kon word nie. Gevolglik sou Malan en sy ondersteuners, wat teen koalisie gekant was, knaend op die Regering druk uitoefen om 'n verklaring oor neutraliteit uit te reik. Opposisielede sou soms die verskil tussen Hertzog en Smuts oor neutraliteit probeer uitbuit.

N.C. Havenga, Minister van Finansies en NP-LV vir Fauresmith, het op 28 September 1933 op Bethulie na die Regering se houding met betrekking tot neutraliteit verwys. Volgens hom het regsgeleerdes daaroor verskil, en het Tielman Roos, voormalige Minister, en Hertzog as Kabinetskollegas daaroor verskil. Havenga het aangetoon dat neutraliteit bloot 'n kwessie van staatsreg was, wat geen uitwerking op partyvereniging behoort te hê nie.[18]

Twee prominente figure van die NP in Kaapland, dr. D.F. Malan, leier van die NP, en F.C. Erasmus, Sekretaris van die NP, het op die verskillende benaderings tussen die NP en die Samesmelters met betrekking tot neutraliteit gewys. Erasmus het op 29 November 1933 tydens 'n vergadering van die NP-tak van Kaapstad-Sentraal na Hertzog en Smuts se houdings met betrekking tot neutraliteit verwys. Volgens Erasmus het Hertzog sterk oor neutraliteit gevoel. Smuts het gemeen dit was 'n

16 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.163.

17 J.H. le Roux, ***Die Engelssprekende as faktor*** ..., pp.75,76; vgl. J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 2 ..., p.163.

18 ***Die Burger***, 28 Sep. 1933: berig.

blote akademiese vraagstuk.[19] Malan het 'n paar dae later op 12 Desember op Malmesbury in breër verband 'n vergelyking tussen Nasionaliste en Smelters getref. Vir Nasionaliste was neutraliteit en sesessie 'n saak van erns, iets wat hulle na aan die hart gelê het, terwyl Smelters dit as beuselagtighede afgemaak het.[20]

Vir ***Die Burger*** was Suid-Afrika se reg op neutraliteit geensins 'n akademiese saak nie. Volgens die koerant het "Smuts en die Imperialiste" dit van akademiese belang geag of 'n volk oor oorlogvoering kon beslis al dan nie. Die blad het ook gevra of dit 'n akademiese kwessie was om van neutraliteit te praat in 'n internasionale wêreld waar wantroue so groot was dat alle pogings tot ontwapeningsooreenkomste misluk, en waar die Volkebond verswak het in stede van sterker geword het. ***Die Burger*** het ook aangevoer dat die reg op neutraliteit oor baie meer as net 'n oorlogsverklaring gegaan het. Dit het die hele vraag van die werklike wetlike verhouding van die lede van die Britse Gemenebes onderling en hul internasionale status na vore gebring. Die Redakteur het verder die vraag gevra of die lede van die Britse Gemenebes vrywillig saamgewerk het en of daar wetlike bande was wat hulle tot 'n internasionale eenheid saamgebind het.[21]

***Die Burger*** het 'n paar dae later aangevoer dat die Unie van Suid-Afrika met sy dubbele Burgerskapwette in 'n posisie beland het waar dit nouliks moontlik was om in 'n oorlog neutraal te kon bly.[22]

***Die Vaderland***, amptelike lyfblad van die Koalisieregering van Hertzog en Smuts, het na die neutraliteitskwessie as 'n "puur akademiese twispunt" verwys. Volgens die blad het die NP nooit enige konstitusionele beginsel in sy Program van Beginsels opgeneem gehad nie, maar wou die party ewe skielik op 'n saak soos neutraliteit aandring om die blaam vir 'n skeuring in NP-geledere uiteindelik op Hertzog te kon plaas.[23]

Hierdie bewering van ***Die Vaderland*** was korrek, aangesien die NP nie voorheen pertinent konstitusionele beginsels in hul Program van Beginsels omskryf het nie.

19 ***Die Burger***, 30 Nov. 1933: berig.

20 ***Die Burger***, 13 Des. 1933: berig.

21 ***Die Burger***, 29 Nov. 1933: hoofartikel.

22 ***Die Burger***, 1 Des. 1933: hoofartikel.

23 ***Die Vaderland***, 3 Okt. 1933: hoofartikel.

Hertzog, hul leier, se standpunt oor neutraliteit was bekend en vir die party aanvaarbaar. Nasionaliste het dit gevolglik nie nodig geag om dit te beskryf nie. Sedert sy onderhandelinge met Smuts het Nasionaliste egter die standpunt ontwikkel dat Hertzog Suid-Afrika se reg op neutraliteit op 'n te losse grondslag geplaas het. Vandaar hul aandrang tot die omskrywing van Suid-Afrika se neutraliteitsreg in 'n Program van Beginsels.

Daar is reeds daarop gewys dat die Hoofbestuur van die NP in Kaapland vroeg in Februarie 1934 by Hertzog aangedring het dat sekere konstitusionele beginsels, soos die reg op neutraliteit, in 'n Program van Beginsels van 'n nuwe party erkenning moes ontvang. Hierdie versoek het Malan ook tydens 'n reeks besoeke aan Hertzog beklemtoon.[24]

Hertzog en Smuts het egter ooreengekom om nie die beskrywing van neutraliteitsreg vir Suid-Afrika in die nuwe party se Program van Beginsels op te neem nie.[25]

Die erkenning van neutraliteitsreg was vir Nasionaliste belangrik. Dit was die rede hoekom hulle, na die breuk met Hertzog, die saak in die Gesuiwerde Nasionale Party se Program van Beginsels opgeneem het. Daarin het hulle onder meer bepaal dat die Unie nie in ander lande se twiste moes inmeng nie en dat die land nie enige ooreenkomste of morele verpligtinge moes aangaan wat tot deelname aan enige oorlog kon lei nie.[26]

Tydens die bespreking van die Statuswetsontwerpe in die Parlement in 1934 het die neutraliteitsvraagstuk 'n belangrike geskilpunt tussen politici gevorm.

Uit die geledere van die SAP het skerp teenkanting teen 'n neutraliteitsbeleid opgeklink. Volgens J.H. Hofmeyr, Minister van Binnelandse Sake, het Suid-Afrika nie die reg op neutraliteit besit nie.[27] G.H. Nicholls het hom by hierdie argument

---

24 C.M. van den Heever, ***General J.B.M. Hertzog***, pp.612-616.

25 W.K. Hancock, ***Smuts 2: the fields of force ...***, p.255.

26 INEG, Bloemfontein, M.M. Jansen-versameling, PV 157, lêer 2/28/2, Die Nasionale Party van Transvaal: konsepprogram van aksie, s.j.

27 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2143.

aangesluit toe hy gewaarsku het teen die gevaar waarin Suid-Afrika tydens 'n oorlog sou verkeer indien die Regering 'n neutraliteitsbeleid sou toepas.[28]

Nog feller teenstand teen neutraliteit as dié wat Hofmeyr en Nicholls gebied het, het van J.S. Marwick, SAP-LV vir Illovo gekom. Sy amendement op Artikel 11 van die Statuswetsontwerp het soos volg gelui: "Die bepalings van hierdie Wet word nie geag om die Unie die reg te verleen om neutraal te bly in geval die Britse Ryk in 'n oorlog gewikkel word en die Parlement van die Unie die reg te verleen om 'n Wet aan te neem voorsieningmakende vir afskeiding van die Unie van die Britse Ryk nie."[29]

In teenstelling met die SAP het die NP voortdurend Suid-Afrika se neutraliteitsreg erken en beveg. J.G. Strijdom, leier van die NP in Transvaal, het daarop gewys dat neutraliteit deur die owerheid verklaar moes word, aangesien geen land outomaties neutraal was nie.[30] Nog NP-lede wat hul standpunt ten gunste van neutraliteit geopper het, was F.C. Erasmus, NP-LV vir Moorreesburg,[31] S.P. le Roux, NP-LV vir Oudtshoorn,[32] C.W.M. du Toit, NP-LV vir Colesberg[33] en J.J. Haywood, NP-LV vir Bloemfontein-Suid.[34]

F.H.P. Creswell, AP-LV vir Bellville, het die standpunt van die NP ondersteun. Hy het gesê dat Suid-Afrika volgens die Balfour-verklaring sy eie buitelandse beleid kon vasstel. Gevolglik kon die Unie oorlog verklaar of 'n neutraliteitsbeleid na goeddunke neerlê.[35]

In die nagloed van die Statusdebatte het politici hul interpretasies van die Statuswetsontwerp met betrekking tot die neutraliteitskwessie op politieke vergaderings weergegee. Patrick Duncan, LV vir Yeoville en 'n voorbanker van die

28 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2348.

29 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2999.

30 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2316.

31 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2141,2142.

32 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 12 Apr. 1934, kol. 2369.

33 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 12 Apr. 1934, kol. 2374.

34 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 12 Apr. 1934, kol. 2384.

35 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2150.

SAP, het op 3 April in Johannesburg die mening uitgespreek dat die Statuswette geensins aan Suid-Afrika die reg om neutraal in 'n oorlog te kon staan, verleen het nie.[36]

Op 9 Mei 1934 het twee betekenisvolle toesprake van Smuts en Malan hulle beskouings oor neutraliteit weerspieël. Terwyl Smuts Suid-Afrika se Britse konneksie beklemtoon het, het Malan gesê Suid-Afrika se status het hom die reg op neutraliteit gegee.

In Kaapstad het Smuts oudergewoonte die klem op samewerking binne die Ryksverband geplaas. Volgens Smuts het die Statuswette die Unie se lojaliteit aan die Britse Gemenebes van Nasies onderstreep. Niks wat in Suid-Afrika gebeur het, het volgens Smuts die eenheid binne die Britse Gemenebes aangetas nie. Hy het sy gevoel só uitgedruk: "I think what has happened now has rooted the affection, respect, pride and loyalty to the system more deeply in all sections of our people than anything else that could have happened."[37]

Sir Herbert Stanley, Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, het hierdie standpunt opgewonde aan J.H. Thomas, Sekretaris van Dominium Sake, verduidelik: "In his own country general Smuts speaks less frequently in this vein and after the barren negotiations which has marked so much of the discussions upon the constitutional relationships of the Empire in connection with the Status Bill, the emphasis placed upon co-operation and the mutual benefits of partnership in the British Commonwealth is a welcome refreshment."[38]

Hierteenoor het ***Die Burger*** verklaar dat Smuts se Ryksverering daarop neergekom het dat Suid-Afrika ook in Britse oorloë ingesleep sou word.[39] Malan het hierdie mening ondersteun en Smuts se siening, dat Suid-Afrika vanselfsprekend in Brittanje se oorloë betrokke sou wees, afgekeur.[40]

Malan het intussen op 9 Mei op Moorreesburg die NP se standpunt oor neutraliteit onomwonde uitgespel. Hy het daarop gewys dat lande oral met bewapening besig

36 ***Die Burger***, 4 Apr. 1934: berig.

37 ***The Cape Argus***, 90 May 1934: report.

38 PRO, London, FO, 372/3005/T, file 6326: letter from H. Stanley to J.H. Thomas, 14 May 1934.

39 ***Die Burger***, 15 Mei 1934: hoofartikel.

40 ***Die Burger***, 25 Mei 1934: berig.

was, terwyl ontwapeningskonferensies misluk het. Neutraliteit kon dus nie slegs van akademiese belang wees nie. Volgens Malan het Suid-Afrika as gevolg van konstitusionele ontwikkeling nie in dieselfde posisie as in 1914 verkeer nie. In 1914 was daar 'n sterk Ryksgesinde gevoel in Suid-Afrika waardeur Suid-Afrika in die Eerste Wêreldoorlog betrokke geraak het. Die Statuswette het egter in 1934 meegebring dat Suid-Afrika neutraal kon staan. Die anti-Ryksgesinde gevoel in Suid-Afrika was steeds baie sterk. Gevolglik sou daar, indien 'n oorlog uitbreek, binne 18 maande 'n Republiek in die Unie uitgeroep moes word.[41]

Malan en ***Die Burger*** het in Julie 1934 telkens na koalisie as 'n vooropgesette plan verwys waardeur Ryksgesindes gepoog het om Suid-Afrika tydens oorlog aan Engeland se kant te kry. Hy het op 13 Julie op Clanwilliam gesê dat oorlogswolke besig was om in Europa saam te pak en dat Engeland, soos in 1914, vroegtydig daarvoor gesorg het dat Suid-Afrika hom ondersteun.[42] Malan het die volgende dag op Calvinia verklaar dat alle aanduidings daar was dat Suid-Afrika reeds tot 'n oorlog verbind was. Soos Botha en Smuts vroeër Suid-Afrika ter ondersteuning vir Engeland in die Eerste Wêreldoorlog laat deelneem het, so het die Koalisieregering dieselfde plan beraam voor 'n volgende oorlog sou uitbreek. Aangesien Hertzog nie Smuts se oorlogsbeleid weerlê het nie, het dit vir Malan en die NP al duideliker geword dat Hertzog hierdie standpunt ondersteun het. Gevolglik sou die land, volgens Malan, in 'n oorlog betrokke raak.[43]

***Die Burger*** het ook hierdie visie van Malan ondersteun. Die blad het die Koalisieregering van Hertzog en Smuts as 'n oorlogsparty bestempel en verklaar dat die Regering hom kant en klaar tot oorlog verbind het. Die blad het aan sy lesers verduidelik dat, net soos in 1914 die Regering weer vir oorlogdoeleindes die Ryk as 'n eenheid beskou het. As satelliet van Brittanje moes die land se mense na die wapen gryp as Brittanje die woord sou gee.[44]

Hierteenoor was ***Die Vaderland*** se standpunt oor neutraliteit dat die finale besluit ten opsigte van oorlog, al dan nie, by die Regering berus het.[45] Volgens die blad

41 ***Die Burger***, 10 Mei 1934: berig.

42 ***Die Burger***, 14 Jul. 1934: berig.

43 ***Die Burger***, 16 Jul. 1934: berig.

44 ***Die Burger***, 9 Jul. 1934: hoofartikel.

45 ***Die Vaderland***, 13 Jun. 1934: hoofartikel.

was neutraliteit in alle geval 'n abstrakte saak waarmee nie onnodige tyd verkwis moes word nie.[46]

Malan het namens Nasionaliste algaande sterker daarop aangedring dat die Regering 'n formele beleidsverklaring ten opsigte van neutraliteit moes neerlê. Indien die Regering nie aan hierdie versoek voldoen nie, sou dit as 'n misdaad teenoor die land en sy mense bestempel word.[47]

Dit was aan die einde van 1934 baie duidelik dat politieke twiste rondom konstitusionele sake geensins verby was nie. Hoewel die mening bestaan het dat die uitvaardiging van die Statuswette en die totstandbrenging van die VP onder andere geskille rondom die neutraliteitskwessie sou beëindig, het dit glad nie gerealiseer nie. Inteendeel, teen die middel-dertigerjare het die neutraliteitsvraagstuk eers momentum begin kry. Die politieke debat in Suid-Afrika rondom die neutraliteitsvraagstuk sou in felheid toeneem namate oorlogspanning in Europa opgebou het.

Duitsland het pas na die ondertekening van die Vredesverdrag van Versailles in 1919 reeds met 'n bewapeningsprogram begin en sodoende die Volkebond met sy ontwapeningsplanne gefnuik. Dit was egter Hitler wat na sy bewindsoorname in 1933 aan Duitsland 'n verskerpte bewapeningsaksie gegee het. Italië het by hierdie aggressie van Duitsland aangesluit toe hy in Oktober 1935 onder sy bewindhebber, Mussolini, Abessinië binnegeval het.[48] In hierdie opsig is dit belangrik om daarop te let dat Mussolini gedurende die vorige jaar verklaar het dat niemand in Europa oorlogsugtig was nie, dog dat oorlog 'n sterk moontlikheid was en enige oomblik kon uitbreek.[49]

Hertzog was egter 'n ander mening toegedaan. Hy het enkele dae na Mussolini se verklaring die moontlikheid van 'n oorlog totaal ontken.[50]

***The Round Table*** het juis na aanleiding van die groeiende spanning in Europa daarop gewys dat nasionale verdedigingsplanne deur Gemenebeslande hoë prioriteit moes

46 ***Die Vaderland***, 17 Jul. 1934: hoofartikel.

47 ***Die Burger***, 3 Sep. 1934: berig.

48 J.A.R. Marriott, ***A history of Europe: from 1815 to 1939***, p.600.

49 ***Cape Times***, 25 Aug. 1934: report.

50 ***The Star***, 7 Sep. 1934: report.

geniet.[51] Die tydskrif het Malan en sy volgelinge se beskouing oor neutraliteit spottenderwys gekritiseer en het só daarna verwys: "To the extreme nationalist minority, independence connotes a policy of isolation and 'Little-South-Africanism', drawing a magic circle of neutrality round our frontiers and burying our independent heads in the sand."[52]

***The Round Table*** het 'n materialistiese uitgangspunt in sy bespreking van Suid-Afrika se status geopenbaar. Hy het verwys na die sinloosheid van 'n neutraliteitsverklaring in die aangesig van 'n imperialistiese aggressor, wat slegs in die minerale rykdom van Suid-Afrika belanggestel het. Volgens dié blad het Suid-Afrika se soewereine onafhanklike status nie veel beteken nie.[53] Hiermee het ***The Round Table*** duidelik na die Simonstadse ooreenkoms verwys.

Die Simonstadse Vlootooreenkoms van 1921 was, vir die neutraliteitsvraagstuk, besonder betekenisvol. Hierdie ooreenkoms, die sogenaamde Smuts-Churchill-ooreenkoms van 1921, het bepaal dat alle Britse militêre besittings in Suid-Afrika aan die Unieregering oorgedra word, maar dat die Britse admiraliteit die beheer oor die vlootbasis by Simonstad sou behou en dat die Unieregering onderneem het om hierdie basis teen landaanvalle te beskerm.[54]

Smuts het gedurende 1934 daarop gewys dat die Simonstadse ooreenkoms steeds geldig was.[55] Erasmus het egter gesê die Statuswetsontwerp beteken dat die Britse vloot die reg op toegang tot Simonstad ontsê kon word.[56] Coulter het tot die slotsom gekom dat Suid-Afrika se soewereine status daarop gemik was om die Britse vloot van enige reg in Simonstad te ontsê.[57]

---

51 Anon. "South Africa and defence", ***The Round Table***, vol. 27, no. 107, Jun. 1937, p.556.

52 Anon., "South Africa and defence", ..., p.557.

53 Anon., "South Africa and defence", ..., p.557.

54 Carnegie-biblioteek, US, D.F. Malan-versameling, lêer F1/36/5, 1935-1938, Simonstad, Nasionale Party, neutraliteit: die Nasionale Party en die Simonstadse ooreenkoms, s.j.; vgl. P.W. Coetzer & J.H. le Roux (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 4 ..., p.235.

55 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 23 Apr. 1934, kol. 2834-2836.

56 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 23 Apr. 1934, kol. 2833,2834.

57 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 23 Apr. 1934, kol. 2838-2842.

Op 19 Julie 1934 het A.J. Werth, NP-LV vir George, tydens 'n vergadering op Swellendam daarop gewys dat neutraliteit die beste verdediging was, "terwyl Simonstad en die Britse vloot ons grootste gevaar is".[58] Malan het by geleentheid op Stellenbosch na Simonstad as 'n seer vinger gewys. Volgens hom was die enigste oplossing om dit af te sit.[59] Op 21 November het hy op Kenhardt gesê dat Simonstad Suid-Afrika in 'n Engelse oorlog sou insleep. Hy wou weet hoe Hertzog na samesmelting die posisie van Simonstad met betrekking tot Suid-Afrika se neutraliteit sien.[60]

Hertzog het sy standpunt oor die Simonstadse vlootbasis op 20 September 1934 op Wepener weergegee. Hy was van mening dat Simonstad in dieselfde posisie ten opsigte van die Unie sou staan as wat Gibraltar ten opsigte van Spanje verkeer het. Daarmee het hy te kenne gegee het dat Suid-Afrika volkome neutraal in 'n oorlog kon wees, terwyl hy steeds 'n ander land se vlootbasis gehuisves het.[61]

'n Paar dae voor die 1935-Parlementsitting op 8 Februarie het die Dominiumparty op 'n vergadering van Stallard 'n mosie aanvaar waarin Hertzog se standpunt afgekeur is.[62] ***The Natal Mercury***, amptelike lyfblad van die Dominiumparty, het ook die Unie se reg op neutraliteit ontken. Volgens die blad het gemene trou aan die Koning, Suid-Afrika van só 'n reg ontneem.[63]

Nasionaliste was oortuig dat Suid-Afrika se reg op neutraliteit sterk in gedrang sou kom indien die Regering hom sou inlaat in enige skema wat algemene Ryksverdediging voorgestaan het. ***Die Burger*** het die voorgenome besoek van sir Maurice Hankey, 'n vooraanstaande Britse Minister, aan Suid-Afrika met agterdog bejeën.[64] Dit was vir die blad duidelik dat Hankey na Suid-Afrika op pad was met die opdrag van die Britse Regering om met die Suid-Afrikaanse Regering planne vir die opstel van 'n Ryksverdedigingsplan te bespreek. Die blad het daarop gewys dat

---

58 ***Die Burger***, 20 Jul. 1934: berig.

59 ***Die Burger***, 29 Jun. 1934: berig.

60 ***Die Burger***, 22 Nov. 1934: berig.

61 ***The Star***, 20 Sep. 1934: report.

62 Vgl. A.J. Fick, ***Die Dominiumparty van Suid-Afrika*** ..., p.323.

63 ***The Natal Mercury***, 8 Feb. 1935: editorial.

64 ***Die Burger***, 9 Aug. 1934: hoofartikel.

Pirow gedurende 1933 saam met die Hoof van die Generale Staf en die Sekretaris van Verdediging Londen besoek het. Dit was duidelik dat eenheid in Ryksverdediging iets was wat alle Vrygewestes gebind het om Groot Brittanje in 'n volgehoue oorlog by te staan.[65] Malan het tydens 'n toespraak op 1 September op Caledon aan die Regering gevra of dit toeval was dat Pirow en Smuts Londen in die geselskap van hooggeplaaste weermagoffisiere besoek het, en of Pirow maar net toevallig die Britse Admiraal in Durban ontmoet het. Die feit dat die Regering so baie aan verdediging bestee het en steeds volgehou het dat hulle nie weet wat hulle tydens oorlog sou doen nie, het Malan onrustig gestem.[66]

***Die Vaderland*** het Malan se bewering dat die Regering by algemene Ryksverdedigingsplanne betrokke was as onsinnige kafpraatjies afgemaak. Die blad wou weet hoe dit moontlik was dat die sogenaamde ultra-Ryksgesindes soos, Stallard, Coulter en Marwick, niks van "die geheimsinnige ooreenkoms" geweet het nie.[67]

Die kwessie van 'n algemene skema van Ryksverdediging het weer tydens die Parlementsitting in 1935 na vore getree. Pirow het gesê dat Suid-Afrika nie aan só 'n skema sou deelneem nie.

***The Round Table*** het Pirow se verklaring oor hierdie aangeleentheid as 'n middeweg tussen sesessie en die bevestiging van Suid-Afrika se Britse konneksie beskou. Pirow se weiering om bepaalde ondernemings met betrekking tot 'n verdedigingskema te maak, het daarop gedui dat die Unieregering hom steeds deur algemene riglyne laat lei het wat deur die Rykskonferensies van 1923 en 1926 neergelê is.[68]

Hertzog het dieselfde standpunt as Pirow gehuldig.[69] Hy het gesê dat Suid-Afrika, as 'n soewereine onafhanklike land, die volste reg op neutraliteit besit het. Suid-Afrika het nie nodig gehad om ander lande ten opsigte van buitelandse sake te

---

65 ***Die Burger***, 15 Aug. 1934: hoofartikel.

66 ***Die Burger***, 3 Sep. 1934: berig.

67 ***Die Vaderland***, 13 Jun. 1934: hoofartikel.

68 Anon., "South Africa and empire defence", ***The Round Table***, vol. 25, no. 99, Jun. 1935, pp.484,486.

69 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 19 Feb. 1935, kol. 1839; vgl. A.J. Fick, ***Die Dominiumparty van Suid-Afrika ...***, p.323.

raadpleeg nie.[70] Hierdie opmerking van Hertzog het getoon dat hy sy standpunt op sy vertolking van die Balfour-verklaring gegrond het.

In reaksie daarop het Stallard, leier van die Dominiumparty, voorgestel: "... dat met die oog op die aanstaande byeenkoms van Dominiale Eerste Ministers in Londen, hierdie Huis van mening is dat dit noodsaaklik is om die leer te verwerp wat onlangs deur die Eerste Minister verkondig is dat die Unie van Suid-Afrika met die vyand van Groot Brittanje in oorlogstyd wettig kan handel drywe, en dat die marinebasis by Simonstad afgeskei is, op dieselfde wyse as Gibraltar nou van Spanje is; en hierdie Huis inteendeel bevestig dat die Unie van Suid-Afrika in tye van vrede en oorlog 'n integrale en onafskeidbare deel van die Britse Ryk is, en gebonde is deur die verpligtings deur daardie status meegebring".[71]

Hierdie vertolking van die Dominiumparty dui daarop dat hulle geensins die konstitusionele ontvoogding van Suid-Afrika sedert 1910 erken het nie. Stallard en sy volgelinge het dus Hertzog se mening as onwettig gereken. Daarmee sou die Britse konneksie in die slag gebly het. Die reaksie van die Dominiumparty moet in die lig van hierdie opvatting oor neutraliteit verklaar word. Hertzog se verklaring oor die posisie van Simonstad het vir hulle getoon dat hy reeds die Unie as afgeskei van die Britse Gemenebes beskou het. Dit sou, volgens dié party, tot 'n neutraliteitsbeleid van die Regering aanleiding gee.

Coulter het by hierdie standpunt van sy leier, Stallard, aangesluit met sy opmerking dat die Unie as integrerende deel van die Britse Ryk nie tydens 'n Britse oorlog neutraal kon wees nie.[72]

Erasmus het die vraagstuk oor Simonstad en neutraliteit goed opgesom. Hy het betoog dat hoewel Suid-Afrika die reg op neutraliteit besit het, dit prakties moeilik uitvoerbaar sou wees as gevolg van die Smuts-Churchill-ooreenkoms. Hy het daarop gewys dat Suid-Afrika ter wille van Ryksgesinde doeleindes met die verdediging van Simonstad belas was.[73]

---

70 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 19 Feb. 1935, kol. 1839.

71 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 19 Feb. 1935, kol. 1821.

72 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 19 Feb. 1935, kol. 1836,1837.

73 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 19 Feb. 1935, kol. 1854.

Nasionaliste het beklemtoon dat die Kabinetslede verdeeld was in hul siening van Suid-Afrika se neutraliteitsreg en die uitwerking wat hierdie verdeeldheid in Regeringsgeledere op Suid-Afrika se soewereine onafhanklike status sou uitoefen. Volgens Malan het Suid-Afrika se dubbelpratery oor neutraliteit daartoe gelei dat die land ongeloofwaardig in die oë van die buitewêreld geword het.[74]

Kon die Koning van Engeland en Koning van Suid-Afrika, dieselfde persoon, volgens die deelbaarheidsleer van Nasionaliste terselfdertyd in vrede en oorlog verkeer? Dit was inderdaad waarin Nasionaliste geglo het. Hulle was egter bekommerd dat Hertzog se beskouing oor Simonstad die praktiese toepassing van neutraliteit buite Suid-Afrika se bereik geplaas het.

Die Britse Departement van Buitelandse Sake het die reaksie op Hertzog se toespraak met betrekking tot Gibraltar só beskryf: "It is interesting to see that nationalists as well as members of the SAP and Stallard parties are agreed that the General was talking nonsense. The nationalists however know that what is for them the logical conclusion that Union neutrality can be secured by ceding Simonstown to the United Kingdom - this is unlikely to happen. The fundamentals of the position are that the Union government are solidly pledged to defend Simonstown, Simonstown is Union territory and therefore neutrality is impossible."[75] Verder is opgemerk dat Hertzog se vergelyking tussen Simonstad en Gibraltar niemand behalwe homself oortuig het nie.[76] Daar kon nie twyfel bestaan dat die ongewysigde Smuts-Churchill-ooreenkoms van 1921 steeds geldig was nie. Dit het beteken dat die Unie nooit neutraal kon wees nie.[77]

Daar was vir Hertzog, wat 'n verklaring ten gunste van neutraliteit uitgereik het, een manier om sy optrede te regverdig. Hy en die Regering moes wag vir die uitbreek van oorlog, dan sou die Parlement rede hê om 'n besluit te neem. Hierdie standpunt, of gebrek aan 'n standpunt, sou telkens Hertzog se antwoord op Nasionaliste se aandrang op 'n amptelike beleidsverklaring wees. Dit is interessant om daarop te let dat die Britse Departement van Buitelandse Sake se mening oor 'n neutraliteitsverklaring 'n opvallende ooreenkoms met Hertzog se houding in dié

74 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 19 Feb. 1935, kol. 1848.

75 PRO, London, FO, 372/3005/T, file 12980: Dominion intelligence, 1935.

76 PRO, London, FO, 372/3098/T, file 5976: Dominion intelligence, 1935.

77 PRO, London, FO, 372/3097/T, file 2473: Dominion intelligence, 1935.

verband getoon het. Hierdie kantoor was van mening dat die neutraliteitsvraagstuk homself sou oplos indien oorlog sou uitbreek. Politici moes dus dié kwessie toelaat om op 'n natuurlike, ongeforseerde wyse te ontplooi.[78]

Die Britse Departement van Buitelandse Sake het op 4 Maart 1935 reeds vir Hertzog geloof vir die behendige wyse waarop hy tydens die Volksraadsdebat in Februarie daarin geslaag het om 'n neutraliteitsverklaring te vermy.[79]

Hertzog se poging om sy neutraliteitsbeleid en die Simonstadse Vlootooreenkoms te versoen, het uiteindelik misluk. Dié opvatting van Hertzog oor neutraliteit het vir A.B. Keith, bekende Britse kenner van konstitusionele reg, dronkgeslaan. Hy was van mening dat Hertzog se teorie van die moderne Wette oor neutraliteit 'n totale mistasting was.[80] Geleerdes het dit nie verstaan nie, Nasionaliste en sy volgelinge in die VP het nie daarin geglo nie, terwyl Smuts en ander wat in die eenheid van die Britse Gemenebes geglo het, dit summier verwerp het. Nasionalisme en die strewe om Suid-Afrika van die Britse konneksie los te maak, was nie versoenbaar met Ryksgesindheid en die ideaal om die Britse Gemenebes heg te hou nie.

## 11.3 'N VERSKERPTE AANDRANG OP 'N NEUTRALITEITSVERKLARING

Beide ***Die Burger***[81] en ***Die Volksblad***[82] het Hertzog se verklaring oor Simonstad verwerp. ***Die Burger*** het dit 'n snaakse bewering genoem, terwyl ***Die Volksblad*** nie kon verstaan dat hy geweier het om neutraliteit as 'n amptelike beleid van die Regering af te kondig nie.

Smuts het op 13 Maart 1935 in Kaapstad bevestig dat die Regering geen amptelike beleid ten opsigte van neutraliteit opgestel het nie, maar dat 'n besluit daaroor geneem sou word as die tyd daarvoor ryp was.[83]

---

78 PRO, London, FO, 372/3098/T, file 5583: Dominion intelligence, 1935.

79 PRO, London, FO, 372/3097/T, file 2473: Dominion intelligence, 1935.

80 ***The Star***, 12 Apr. 1935: report.

81 ***Die Burger***, 15 Jan. 1935: hoofartikel.

82 ***Die Volksblad***, 15 Jan. 1935: hoofartikel.

83 ***Die Burger***, 13 Mrt. 1935: berig.

Hierdie "beleidlose beleid" van die VP was die enigste manier om 'n erg verdeelde party, nog in sy kinderskoene, van 'n vroeë dood te red. Dit het Hertzog en Smuts sekerlik goed besef. Nasionaliste het veral by monde van hul leier, Malan, aangehou om druk op die Regering te plaas sodat 'n amptelike verklaring oor neutraliteit moes verskyn.

Teen die einde van 1935 het gebeure op die wêreldfront daartoe gelei dat die vraagstuk van Suid-Afrika se Britse konneksie opnuut na vore getree het.

Italië het Abessinië, die huidige Ethiopië, in Oktober 1935 binnegeval. Nadat die Volkebond Italië tot aggressor verklaar het, het Brittanje beperkte ekonomiese sanksies teen Italië ingestel.[84] Gedurende die vroeë Parlementsitting van 1936 het die VP die optrede van Brittanje goedgekeur, maar die NP was sterk daarteen gekant.

Hertzog se houding was dat die Unie verplig was om op te tree omdat hy 'n lid van die Volkebond was en omdat sy belange deur Italië bedreig is. Smuts het hom by Hertzog gevoeg en die Regering se optrede verdedig deur aan te voer dat Suid-Afrika, as 'n klein landjie, nie alleen in oorlogsgevaar kon staan nie.[85]

Malan het tydens die 1936-Volksraadsitting voorgestel dat die Raad sy gehegtheid aan vrede moes beklemtoon en hom van enige stappe, militêr of ekonomies, teen Italië moes weerhou. Ingevolge sy plig tot selfverdediging in geval van 'n aanval moes Suid-Afrika hom streng van deelname aan enige oorlog weerhou.[86] Malan se mosie is deur Nasionaliste soos N.J. van der Merwe en J.G. Strijdom gesteun. Strijdom wou Suid-Afrika totaal uit Europese oorloë hou. Die Unie moes nie ter wille van 'n paar groot moondhede in 'n oorlog gesleep word nie.[87] Van der Merwe het daarop gewys dat Smuts Suid-Afrika se status van soewereine onafhanklikheid op die altaar van Britse Ryksgesindheid geplaas het. Dit het die moontlikheid vergroot dat Suid-Afrika in Europese oorloë betrokke kon raak.[88]

---

84 J.A.R. Marriott, ***A history of Europe*** ..., p.601.

85 P.W. Coetzer & J.H. le Roux (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 4 ..., pp.240,241.

86 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 31 Jan. 1936, kol. 31.

87 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 3 Feb. 1936, kol. 100.

88 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 31 Jan. 1936, kol. 48-51.

Smuts se reaksie het daarop gedui dat hy lankal reeds besluit het dat Suid-Afrika by 'n volgende oorlog sy volle bystand aan Brittanje sou verleen. Dat hy ten alle koste die Britse vlootmag in Simonstad wou behou, het met sy siening dat Suid-Afrika se Britse konneksie bewaar moes bly, gestrook.

***Die Burger*** het aan die begin van 1936 daarop gewys dat die Regering se houding om die volk te raadpleeg wanneer 'n oorlog uitbreek, fataal sou wees. Dit sou te laat wees, daarom moes die volk sy stem teen die oorlogsbeleid van die Regering laat hoor.[89]

Daarbenewens het Hertzog se versekering dat Suid-Afrika sekere verpligtinge gehad het ***Die Volksblad*** genoop om sy optrede met dié van Botha in 1914 te vergelyk.[90] Die blad het daarop gesinspeel dat die Premier besig was om die volk van Suid-Afrika moreel vir aanvaarding van die Regering se anti-neutraliteitsbeleid voor te berei.

***Die Volksblad*** het op 'n verklaring van neutraliteit deur die Regering aangedring. Indien Suid-Afrika sy neutraliteit verklaar het, sou Engeland daarom gewaarsku wees om versigtiger te wees omdat die Britse Regering nie die volle steun van die dominiums geniet nie.[91]

In Maart 1936 het Hitler die Rynland beset. Die Britse Regering het hom tot Suid-Afrika om bystand gewend. Hertzog het laat weet dat die Unie nie bereid was om enige militêre aksie van Brittanje teen Duitsland te ondersteun nie. Hy het Duitsland se optrede as die eerste stap in die rigting van sy herstel van soewereiniteit beskou.[92]

Pirow het op 6 Mei 1936 in die Volksraad verklaar dat die Regering aan geen oorlog sou deelneem nie, behalwe waar die ware belange van Suid-Afrika dit vereis. Volgens hom sou die volk deur sy verteenwoordigers in die Parlement in alle gevalle die Regering daartoe moes magtig.[93] Soos Pirow se verklaring in die 1935-Parlementsitting, was sy standpunt van Mei 1936 'n getroue weergawe van die VP

89 ***Die Burger***, 10 Jan. 1936: hoofartikel.

90 ***Die Volksblad***, 3 Feb. 1936: hoofartikel.

91 ***Die Volksblad***, 19 Mrt. 1936: hoofartikel; vgl. ***Die Volksblad***, 28 Apr. 1936: hoofartikel.

92 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., pp.642,643.

93 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., p.641.

se dilemma. Hy moes weens die skerp verdeeldheid in sy party se geledere oor die neutraliteitskwessie gereeld 'n mening uitspreek wat vir vele vertolkings vatbaar was.

Hierdie toespraak van Pirow was ongetwyfeld daarop gemik om vertroue in die Regering te herstel. Nasionaliste het sekerlik na die Regering se optrede tydens die Italiaanse besetting van Abessinië langtand aan Pirow se verklaring gebyt.

Beide Hertzog en Smuts het in die laaste helfte van 1936 oor die moontlikheid van 'n volgende oorlog uitlatings gemaak. Smuts het geen groot oorlog in sy leeftyd voorspel,[94] en Hertzog kon nie voorsien dat Suid-Afrika deur wêreldtoestande by 'n Europese oorlog betrokke sou raak nie.[95] Een van Hertzog se Kabinetslede, Deneys Reitz, Minister van Lande en Bosbou, het die Eerste Minister egter weerspreek toe hy in Durban verklaar het dat Suid-Afrika sou deelneem aan 'n volgende oorlog, waarin die Britse Gemenebes betrokke sou wees.[96]

Hoewel die VP nie eenstemmigheid oor Suid-Afrika se reg op neutraliteit gehad het nie, het Hertzog en Smuts nogtans teen 1936 nie oor die belangrikheid van militêre samesprekings met Brittanje getwyfel nie.[97] Gevolglik was Pirow van tyd tot tyd in sodanige samesprekings met Britse Regeringsamptenare betrokke. Soos voorheen het hy egter op 8 Mei 1937 in die Volksraad daarop gewys dat Suid-Afrika nie bereid was om aan enige skema van Ryksverdediging deel te neem nie.[98]

***The Star*** het hierdie houding van die Regering verwerp. Die blad het berig dat Suid-Afrika se soewereine onafhanklike status deur 'n oorlog "as a plaster facade without meaning once deprived or selfdeprived of the buttress of Commonwealth co-operation in defence" ontmasker sou word.[99]

Hertzog was die mening toegedaan dat indien Engeland sy rol as vredemaker tussen Duitsland en Frankryk sou speel en hom van inmenging in die sake van Oos- en

---

94 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., p.644.

95 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., p.644.

96 ***Die Burger***, 26 Aug. 1936: berig.

97 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., p.642.

98 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., p.645.

99 ***The Star***, 14 May 1937: editorial.

Sentraal-Europa weerhou, oorlog voorkom sou kon word. Hy het Smuts meegedeel dat Kanada, Australië en Nieu-Seeland sy standpunt gesteun het.[100]

Smuts was bekommerd oor die passiewe rol wat Brittanje sedert 1920 in Europese aangeleenthede gespeel het. Hy was selfs bevrees dat Duitsland se aggressie so 'n vlak bereik het dat Amerika se bystand aan Brittanje noodsaaklik sou word.[101]

Teen die einde van 1937 het die VP nie meer genoeg woorde gehad om die dreigende oorlogswolke in Europa te verdoesel nie. Malan het op 11 Oktober 1937 op Brits verklaar "dat die wêreld aan die vooraand staan van een van die kwaaiste oorloë wat die mensdom nog beleef het".[102] ***Die Burger*** was ewe-eens oortuig dat so 'n oorlog net vrygespring kon word indien die Suid-Afrikaanse volk van die Ryksgesinde Regering ontslae kon raak en 'n neutraliteitsbeleid soos België, Nederland, Swede en Noorweë volg.[103]

Die volk van Suid-Afrika sou op 18 Mei 1938 'n geleentheid kry om by die stembus die lot van die VP te bepaal. Teen die agtergrond van die bogenoemde uiteensetting was die neutraliteitsvraagstuk 'n belangrike verkiesingstrydpunt.[104]

Malan het Nasionaliste se fokus weer baie duidelik op 'n neutraliteitsbeleid vir Suid-Afrika gestel. Hy het 'n beroep op die Regering gedoen om 'n besliste standpunt ten opsigte van Suid-Afrikaanse neutraliteit aan die volk te stel.[105]

In teenstelling daarmee het Smuts verklaar dat oorlogsdeelname 'n ope vraag sou bly. Toekomstige ontwikkeling sou 'n besluit oor neutraliteit ten nouste raak.[106] Smuts het die Unie se lidmaatskap van die Volkebond as morele rede voorgehou waarom Brittanje in 'n oorlog bygestaan moes word. Daarbenewens sou die Unie ook sy plig teenoor Brittanje met betrekking tot Simonstad nakom.[107] Hierdie

---

100 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., pp.464-467.

101 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., p.647.

102 ***Die Volksblad***, 11 Okt. 1937: berig.

103 ***Die Burger***, 22 Jul. 1937: hoofartikel.

104 P.W. Coetzer & J.H. le Roux (reds.), ***Die Nasionale Party***, deel 4 ..., p.245.

105 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 15 Mrt. 1938, kol. 1654.

106 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 15 Mrt. 1938, kol. 1654.

107 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 15 Mrt. 1938, kol. 1657,1658.

standpunt van Smuts slaan terug op Botha se leuse van **Eer en Plig** wat hy gedurende die Eerste Wêreldoorlog gehuldig het.

Smuts het telkens sy anti-neutraliteitstandpunt onomwonde gestel. Hertzog het weer in die 1938-verkiesing die eenheid van die VP met sy stilswye probeer handhaaf. Indien politici nog getwyfel het wie om te volg, sou die logiese keuse waarskynlik op Smuts geval het, aangesien sy beleidstandpunt duideliker uitgespel en met die kiesers gekommunikeer is.

Smuts was na die afloop van die 1938-verkiesing in 'n baie sterker posisie as Hertzog omdat hy 11 Hertzog-setels "gewen" het. Hierdie feit tesame met die wins van ses setels van die NP het die moeilike posisie waarin Hertzog hom bevind het, duidelik aangetoon.[108]

In Maart 1938 het Hitler Oostenryk binnegeval en daarna ook geëis dat die Duitssprekende dele van Tsjeggo-Slowakye aan Duitsland oorgedra moes word.[109] Hierdie aggressiewe daad van Hitler het die neutraliteitsvraagstuk opnuut 'n brandende politieke strydpunt tydens die 1938-Parlementsitting gemaak.

Malan wou in die Volksraad weet watter beleid die Regering ten tyde van 'n Europese oorlog sou volg. Die land het in groot onsekerheid verkeer aangesien die Regering nagelaat het om 'n standpunt met betrekking tot neutraliteit te stel.[110]

Malan het op 17 Augustus sy vraag oor die Regering se neutraliteitsbeleid herhaal.[111] Die Regering het as gevolg van die verskil tussen Smuts en Hertzog 'n nie-amptelike verklaring uitgereik waarin Smuts onder meer dit beaam het dat dit slegs sy eie persoonlike standpunt was toe hy verklaar het dat dit ondenkbaar was dat Suid-Afrika sy vriend, Brittanje, in die steek sou laat as hierdie land in gevaar sou verkeer.[112]

Dit wou voorkom of die Engelse pers eenstemmig was dat hierdie nie-amptelike standpunt van Smuts ook die Regering se standpunt was en dat daar gevolglik min,

108 F.D. Tothill, "Why General Smuts won on 4 September 1939", ..., p.7.

109 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., p.648.

110 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 15 Mrt. 1938, kol. 1649.

111 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 17 Aug. 1938, kol. 1111,1112.

112 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 25 Aug. 1938, kol. 1687,1688.

indien enige, verskil tussen die standpunte van Hertzog en Smuts was.[113] Dit was ook Pirow se siening dat Hertzog en Smuts se menings oor neutraliteit nie van mekaar verskil het nie.[114]

Die Engelstalige pers het as voorstanders van die behoud van die Britse konneksie neutraliteit verwerp. ***The Cape Argus*** het Malan se standpunt betwis[115] en was van mening dat Smuts se visie die algemene goedkeuring van die meerderheid Suid-Afrikaners weggedra het.[116]

Een van die belangrikste argumente wat die Engelstalige pers, by name die ***Cape Times*** en die ***Rand Daily Mail***, teen neutraliteit geopper het, was dat Suid-Afrika as 'n klein landjie nie tydens 'n oorlog alleen kon staan nie. Dit sou, volgens hulle, veiliger vir Suid-Afrika wees om Brittanje te ondersteun.[117]

In teenstelling met die Engelse pers het ***Die Burger*** en ander dagblaaie wat die NP ondersteun het, namens die "nasionaalvoelende deel van die volk" op 'n neutraliteitsbeleid deur die Regering aangedring.[118] ***Die Transvaler*** het beklemtoon dat die NP-beleid daarop gemik was om die Unie buite Europese oorloë te hou.[119]

Die aandrang van Nasionaliste om 'n standpunt van die Regering oor neutraliteit te verkry, het daartoe aanleiding gegee dat Hertzog op 1 September 1938 'n verklaring daaroor uitgereik het. Hertzog het aangedui dat bestaande verhoudings gehandhaaf en verpligtinge nagekom sou word en dat niemand toegelaat sou word

---

113 ***The Daily Express***, 26 Aug. 1938: editorial; vgl. ***Cape Times***, 26 Aug. 1938: editorial; vgl. ***The Cape Argus***, 26 Aug. 1938: editorial; vgl. ***Rand Daily Mail***, 12 Oct. 1938: editorial.

114 L.J. van der Westhuizen, ***Die neutraliteitsvraagstuk as verdelingsfaktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933-1940: met besondere verwysing na die rol van generaal J.B.M. Hertzog*** (ongep. M.A.-verhandeling, UOVS, 1984), p.94.

115 ***The Cape Argus***, 26 Sep. 1938: editorial.

116 ***The Cape Argus***, 26 Aug. 1938: editorial.

117 ***Cape Times***, 19 Aug. 1938: editorial; vgl. ***Rand Daily Mail***, 12 Oct. 1938: editorial.

118 ***Die Burger***, 19 Sep. 1938: hoofartikel.

119 O. Geyser (samesteller), ***Dr. H.F. Verwoerd die republikein: hoofartikels uit Die Transvaler, 1937-1948***, p.22.

om die grondgebied van die Unie te gebruik om enige verhoudings, verpligtinge of betrekkinge van die Unie te skend nie.[120]

Op 27 September 1938 het Neville Chamberlain, die Britse Eerste Minister, 'n betekenisvolle verklaring uitgereik. Hy het na die Britse Ryk verwys wat in sekere omstandighede moes saamstaan.[121] Hierdie verklaring van Chamberlain het Nasionaliste se vermoede versterk dat die Unieregering met die Britse Regering gekonkel het ten einde Suid-Afrika se Britse konneksie te verstewig. Hulle het gevolglik ook Pirow se voorgenome besoek aan Londen opnuut met agterdog bejeën.[122]

Die dag na Chamberlain se verklaring, op 28 September, is 'n belangrike Kabinetsvergadering gehou. Hertzog het die standpunt wat hy op 1 September ingeneem het aan die vergadering voorgehou. Volgens hom het almal daarmee akkoord gegaan. Hertzog het aangedui dat hy Smuts, Havenga en Pirow gedurende die sitting in Kaapstad in sy vertroue geneem het. Hulle het almal sy siening goedgekeur.[123] Notule van die vergadering is gehou. Hierdie notule het aangetoon dat Hertzog dit op 28 September 1938 onderteken het. 'n Lys van teenwoordige Kabinetslede se name het daarop verskyn, maar hulle het dit nie onderteken nie.[124]

W.K. Hancock, een van Smuts se biograwe, meld dat hy tussen 1 Oktober 1938 en 23 Augustus 1939 20 toesprake gehou het met die internasionale situasie en die betekenis daarvan vir Suid-Afrika as tema. Smuts het veral klem daarop gelê dat die Unie se veiligheid in die behoud van die koninklike vloot in Simonstad geleë was.[125]

Aan die einde van 1938 het 'n tydelike vrede na die sluiting van die Verdrag van München in Europa geheers. Hitler het egter op 15 Maart 1939 Tsjeggo-Slowakye

---

120 CAD, Pretoria, J.C. Smuts collection, A 1, vol. 300: press statements on political matters, 1915-1950.

121 *The Star*, 28 Sep. 1938: report.

122 O. Geyser (samesteller), *Dr. H.F. Verwoerd die republikein* ..., pp.29,30.

123 CAD, Pretoria, J.C. Smuts collection, A 1, vol. 300: press statements on political matters, 1915-1950; vgl. A. van Wyk, *Vyf dae Oorlogskrisis van 1939: 'n spanningsverhaal uit Suid-Afrika se geskiedenis*, p.11.

124 Kyk bylae A, pp.250,251; bylae B, pp.252,253.

125 W.K. Hancock, *Smuts 2: the fields of force* ..., pp.315-317.

ingeval en die gebied tot Duitse protektoraat verklaar. Hierop het Brittanje sy steun aan Pole en Roemenië beloof indien hulle aangeval sou word.[125]

Malan het in 1939 sy aandrang op die verkryging van 'n beleidsverklaring deur die VP met groterwordende klem herhaal. Op 23 Maart verwys hy na "'n ernstige klagte teen die Regering aangesien hy die volk in die duister hou".[126] Op 12 April het Malan daarop gewys dat Brittanje se aggressiewe houding oorlog voorspel het en daarom het die NP opnuut en baie ernstig by die Regering om 'n beleidsverklaring oor neutraliteit aangedring.[127]

Nasionaliste het besef dat Malan se stryd in die Parlement 'n verlore stryd was. Gevolglik het hulle gemeen dat buiteparlementêre aksie dringend noodsaaklik geword het om die Regering tot optrede te dwing. Die leiers van die NP, naamlik Malan, Van der Merwe, Strijdom en Nel (Natal), het hul volgelinge in 'n manifes opgeroep om protes aan te teken teen die voorneme om die Unie aan 'n Europese oorlog te laat deelneem.[128] Hierdie aksie van die NP-leiers was besonder intensief. Talle mosies dwarsdeur die land is ter ondersteuning van neutraliteit aangeneem.[129]

Benewens hierdie aksie was daar teen die helfte van 1939 ook roeringe agter die politieke skerms om Hertzog en Malan te versoen. Daarvan getuig onder andere 'n skrywe wat Strijdom aan C.R. Swart gerig het. 'n Klompie geleerdes van Stellenbosch wou met die hulp van Malan en Strijdom vir Hertzog en Pirow met die Nasionaliste versoen. Hertzog en Pirow was blykbaar bereid om van Smuts weg te breek. Malan en Strijdom het egter gewaarsku dat Hertzog en Pirow nie vertrou kon word nie. Malan, Strijdom en die Stellenbossers was dit eens dat enige vorm van samewerking slegs op die NP se Republikeinse strewe gegrond moes word.[130]

---

125 J.A.R. Marriott, ***A history of Europe*** ..., p.616, (die Verdrag van München is tussen Brittanje, Frankryk, Italië en Duitsland gesluit en daarvolgens het Duitsland die Duitssprekende dele van Tsjeggo-Slowakye ontvang).

126 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 22 Mrt. 1939, kol. 2182,2183.

127 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 12 Apr. 1939, kol. 2771,2772.

128 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., p.664.

129 SAB, Pretoria, J.B.M. Hertzog-versameling, A 32, bande 166 tot 193.

130 INEG, Bloemfontein, C.R. Swart-versameling, PV 18, lêer 3/1/21, Korrespondensie, Jan. 1939 - Aug. 1939: brief van J.G. Strijdom aan C.R. Swart, 4 Jul. 1939.

Die betekenis van die neutraliteitsmosies en pogings om Hertzog met Malan te versoen was 'n duidelike teken dat daar onder Nasionaliste 'n begeerte bestaan het om die Britse konneksie te verbreek. Eric Louw het juis op 31 Julie 1939 sterk vergestalting aan Nasionaliste se drang tot ontvoogding van die Britse konneksie gegee toe hy op Ierland se voorbeeld gewys het. Ierland het in Oktober 1937 'n nuwe Grondwet opgestel waarin die land alle bande met die Britse Koning verbreek het en 'n soewerein onafhanklike staat geword het.[131]

Ondanks Pirow se waarskuwing aan die einde van 1938 dat oorlog waarskynlik in 1939 sou uitbreek,[132] het Hertzog nog heimlik gehoop dat dit nie sou gebeur nie. Pirow het in Augustus 1939 daarop gewys dat Suid-Afrika heeltemal onvoorbereid vir oorlog was en dat die Unie dus nie 'n vinnige besluit tot oorlog sou kon neem nie. Hierdie verklaring van Pirow rym met Hertzog se benadering tot neutraliteit. Smuts was egter van mening dat Suid-Afrika onmiddellik nadat oorlog uitgebreek het 'n besluit daaroor sou moes neem.[133]

Smuts was gedurende Augustus 1939 in noue voeling met amptenare van die kantoor van Buitelandse Sake en die Dominiumkantoor. Hulle het saam planne beraam en 'n strategie uitgewerk hoe om Suid-Afrika as deelgenoot van die Britse Gemenebes in die komende oorlog te kon betrek. W.H. Clark, Hoë Kommissaris van die Unie van Suid-Afrika, het op 15 Augustus die Dominiumkantoor verseker dat Smuts Brittanje goedgesind was en sou poog om die Unie aan Brittanje se kant hou.[134] Clark en Smuts was van mening dat Hertzog die sameroeping van die Parlement oor hierdie kwessie so lank as moontlik sou probeer uitstel. Clark het Hertzog se optrede geantisipeer met sy mening dat Hertzog teësinnige beswaar sou maak om die voortou vir steun aan Brittanje te neem. Hy was dit met Smuts eens dat die Regering by die aanvang van die Parlementsitting 'n besluit sou moes neem. Gevolglik sou Hertzog se aanvoeling hom daartoe lei om die kwadedag so lank moontlik te probeer uitstel.[135] Smuts het aan Clark verklaar dat hy sy bes sou doen

131 INEG, Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P27.41: E.H. Louw, Ierland toon die weg aan: konstitusionele ontwikkeling sedert 1921, 31 Jul. 1939.

132 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., pp.658,659.

133 P. Meiring, ***Jan Smuts: die Afrikaner***, p.150.

134 PRO, London, FO, 371/23964/B, file 12645, Political western, 1939: telegram from W.H. Clark to Dominion Office, 15 Aug. 1939.

135 PRO, London, FO, 371/23964/B, file 12645, Political western, 1939: letter from W.H. Clark to Dominion Office, 15 Aug. 1939.

om sy kollegas tot sy standpunt oor te haal. Hy was ook van mening dat die Eerste Minister tot dusver geweier het om te glo dat oorlog wel sou uitbreek en nog nie besluit het watter standpunt om in te neem nie.[136]

Tot aan die einde van Augustus was Hertzog blykbaar nog hoopvol dat oorlog nie sou uitbreek nie. Clark het die hoop uitgespreek dat Hertzog tog ter elfder ure van standpunt sou verander en Engeland sou ondersteun. Hy was egter realisties genoeg om te besef dat Hertzog se temperament en agtergrond die kanse dat Hertzog sou verander uiters skraal gemaak het.[137]

Smuts het 'n beraming van Kabinetslede gemaak wat hom sou steun en tot die gevolgtrekking gekom dat hy aan die verloorkant was. Hy en Clark het koppe bymekaar gesit en besluit om die Britse Regering se hulp in te roep. Die Britse Premier, Neville Chamberlain, moes Hertzog per brief of telegram versoek om Brittanje te steun.[138]

In 'n uiters vertroulike diplomatieke dokument het die Britse Premier aan die versoek voldoen, en op 3 September 1939 'n telegram aan Hertzog gestuur. Hy het Hertzog se lofredes aan die Britse Ryk as aanknopingspunt gebruik en die Unie versoek om Brittanje in sy oorlogspoging te steun.[139]

Op Vrydag 1 September het Hitler se magte Pole binnegeval. Brittanje het 'n ultimatum aan Hitler gerig. Op Sondag 3 September, na verstryking van die spertyd wat aan die ultimatum gekoppel was, het die Tweede Wêreldoorlog begin.[140]

Suid-Afrika se Britse konneksie is hierdeur op die politieke weegskaal geplaas. In hierdie dilemma is **Eer en Plig**, die ou Botha-Smuts-beginsel waarop Suid-Afrika se Britse konneksie gebou was, teenoor **Suid-Afrika Eerste**, die Hertzog-slagspreuk

---

136 PRO, London, FO, 371/23964/B, file 12645, Political western, 1939: telegram from W.H. Clark to Dominion Office, 15 Aug. 1939.

137 PRO, London, FO, 371/23964/W, file 12705, Political western, 1939, Dominion intelligence: letter from W.H. Clark to Dominion Office, 28 Aug. 1939.

138 PRO, London, FO, 371/22964/W, file 12713, Political western, 1939: telegram from W.H. Clark to Dominion Office, 2 Sep. 1939.

139 PRO, London, FO, 371/23964/W, file 12857, Political western, 1939, Dominion intelligence: telegram from Prime Minister (Br) to Prime Minister (SA), 3 Sep. 1939.

140 D. de Villiers & J. de Villiers, ***Paul Sauer***, p.64.

waarop Nasionaliste die Unie se reg op afskeiding gegrond het, as onversoenbare kragte teenoor mekaar gestel. Hierdie strydvraag moes eers in die Kabinet en daarna in die Parlement beslis word.

Hertzog was wreed ontnugter toe Smuts hom meedeel dat hy teen neutraliteit sou standpunt inneem. Sedert September 1938 het Hertzog onder die waan verkeer dat Smuts ten gunste van neutraliteit was.[141] Hertzog het te goeder trou aangeneem dat Smuts hom sou steun. Smuts se handtekening het egter glad nie op die notule van die Kabinetsvergadering van 28 September 1938 verskyn nie. Gevolglik bestaan daar geen bewys dat Smuts wel Hertzog se mening oor neutraliteit gedeel het nie. Dit is te verstane dat Smuts en sy volgelinge die aantyging dat hy aanvanklik neutraliteit gesteun het en toe omgeswaai het, ten sterkste ontken het.[142]

Die aanname van historici en ander skrywers, onder meer Van Wyk,[143] Du Plessis,[144] Joubert[145] en Ovendale[146] dat Smuts in September 1939 sy standpunt omtrent neutraliteit verander het en gevolglik vir Hertzog verraai het, kan dus bevraagteken word. Boonop het Hertzog en Smuts lank reeds ooreengekom om oor onder andere Suid-Afrika se reg op neutraliteit te verskil. Dit sou baie vreemd gewees het as Smuts Hertzog se neutraliteitsbeleid gesteun het, aangesien Smuts deurgaans 'n standpunt ten gunste van die Britse konneksie gehandhaaf het.

Hertzog se wrede ontnugtering moet eerder toegeskryf word aan uiters swak kommunikasie tussen hom en Smuts. Daar is reeds na die feit verwys dat Smuts tot kort voor die uitbreek van die oorlog nog onbewus van Hertzog se standpunt was.

---

141 INEG, Bloemfontein, C.R. Swart-versameling, PV 18, lêer 3/1/22, Korrespondensie en telegramme, algemeen: brief van P. Sauer aan C.R. Swart, 8 Sep. 1939.

142 J.W. Jagger Library, UCT, H.G. Lawrence papers, BC 640, E3.29: documents re policy etc., Sep. 1939; vgl. S.L. Barnard & A.H. Marais, ***Die Verenigde Party ...***, p.42.

143 A. van Wyk, ***Vyf dae Oorlogskrisis van 1939 ...***, p.45.

144 W. du Plessis, ***Die goue draad***, p.89.

145 D.J. Joubert (samesteller), ***Oorlogsverklaring 1939: drama in die Volksraad***, p.3.

146 R. Ovendale, ***Dominion opinion and British foreign policy, 1937-1939*** (unp. report presented at the ICS Seminar 'Recent History of the Commonwealth, 1971-1972', University of London, 1972), p.9.

Malan het in 'n brief steun aan Hertzog beloof indien hy die standpunt van neutraliteit in die Parlement sou inneem.[147] Hertzog het sy mosie dat Suid-Afrika neutraal moes bly op 4 September 1939 in die Volksraad ingedien.[148]

Hertzog het toegegee dat Suid-Afrika as lid van die Britse Gemenebes en die Simonstadse ooreenkoms sekere verpligtinge gehad het. Volgens hom moes Suid-Afrika neutraal bly aangesien die oorlog die Unie se soewereine onafhanklike status in gedrang sou bring. Hy het nie kans gesien om die welwillendheid van die Gemenebes ten koste van Suid-Afrika se onafhanklikheid op te offer nie.[149] Daarmee het Hertzog die opvatting wat hy lank reeds gehuldig het, dat Brittanje sy beste vriend is, in perspektief geplaas.

Malan het, ter ondersteuning van Hertzog, daarop gewys dat Suid-Afrika se Britse konneksie sedert 1914 baie verander het. Terwyl Suid-Afrika in 1914 kragtens die internasionale reg nie neutraal kon bly nie, het die land deur die Balfour-verklaring, die Statuut van Westminster en die Statuswette sy reg op neutraliteit verkry. Hy het gesê dat die opvatting dat Suid-Afrika deur sy vriendskap en deur eer en plig in Engeland se oorloë betrokke moes raak "... 'n ondermyning is van ons vrye status wat ons in hierdie land verkry het en wat ons nie alleen in teorie nie, maar ook in praktyk toegepas wil sien".[150]

Dit wat Malan gesê het, was juis Nasionaliste se dilemma met Suid-Afrika se Britse konneksie. Vir Smuts was Suid-Afrika se Britse konneksie 'n geleentheid om te voorkom dat hy met noodlottige gevolge van die Britse Gemenebes afskei. Hy het dit beklemtoon dat Suid-Afrika as 'n klein landjie, arm aan verdedigingsmiddele maklik deur neutraliteit in isolasie kon verval. Dit was gevolglik Suid-Afrika se plig om hom by sy vriend Brittanje te skaar.[151]

---

147 Carnegie-biblioteek, US, D.F. Malan-versameling, lêer 1557: brief van D.F. Malan aan J.B.M. Hertzog, 3 Sep. 1939.

148 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 4 Sep. 1939, kol. 20; vgl. N. Mansergh, ***The Commonwealth and the nations***, p.13; vgl. G.C. Olivier, ***Suid-Afrika se buitelandse beleid***, p.24.

149 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 4 Sep. 1939, kol. 22.

150 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 4 Sep. 1939, kol. 50,51.

151 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 4 Sep. 1939, kol. 31,31.

Hierby het die Dominiumparty aangesluit. Vir dié party was die handhawing van Suid-Afrika se Britse konneksie nog altyd 'n prioriteit.

Marwick het dié party se vertolking van die Balfour-verklaring met betrekking tot Suid-Afrika se neutraliteitsreg breedvoerig uiteengesit. Daarvolgens ontken hulle dat Suid-Afrika enige aanspraak op neutraliteit kon hê.[153]

Smuts het tydens die neutraliteitsdebat 'n amendement ingedien waarin ondersteuning aan Brittanje op eie bodem versoek is.[154] In een van die mees dramatiese debatte het Volksraadslede met 80 stemme teen 67 besluit om Smuts se amendement te steun.[155] Hertzog se laaste uitweg was 'n versoek aan Duncan, die Goewerneur-generaal, om die Parlement te ontbind en 'n verkiesing uit te skryf. Duncan het geweier, waarna Hertzog bedank het en Smuts versoek is om 'n nuwe Kabinet saam te stel.[156]

Die toenemende steun wat Smuts tussen 1933 en 1939 in die VP-regering ondervind het,[157] moet volgens Tothill nie slegs aan Smuts en Louis Esselen, Hoofsekretaris van die VP, se vermoëns toegedig word nie. Smuts se oorwinning in 1939 moet eerder aan die ongewildheid van samesmelting onder blanke Afrikaners toegeskryf word.[158]

## 11.4 SAMEVATTING

Hierdie neutraliteitsvraagstuk waarvan die leiersfigure in die SAP weggeskram het, het Hertzog se val veroorsaak. Hertzog se visie oor neutraliteit was in die dertigerjare baie nader aan dié van Malan en sy volgelinge. Neutraliteit was immers

---

153 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 4 Sep. 1939, kol. 57-61.

154 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 4 Sep. 1939, kol. 32,33; vgl. D.F. Wilson, ***Smuts of South Africa: soldier and peacemaker***, p.105; vgl. L. Marquard, ***The peoples and policies of South Africa***, p.142.

155 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 4 Sep. 1939, kol. 103-105; vgl. P. Knaplund, ***The British Empire, 1815-1939***, p.700; vgl. D.P. Goosen, "Generaal J.B.M. Hertzog", ***Rooi Rose***, 21 Mei 1969, p.101.

156 J.W. Jagger Library, UCT, Duncan papers, BC 294, A27.3 - A27.6: correspondence between P. Duncan and J.B.M. Hertzog, 5-6 Sep. 1939.

157 Kyk hoofstuk 6, pp.139,140.

158 F.D. Tothill, "Why General Smuts won on 4 September 1939", ..., p.27.

vir die Nasionaliste die weg waarlangs 'n lank gekoesterde ideaal van sesessie in vervulling kon gaan. Malan se ondersteuning aan Hertzog was egter nie voldoende om die Britse konneksie te verbreek nie.

Die rede waarom Hertzog op 4 September die stryd verloor het, moet lank voor die September 1939-debat, reeds so ver terug as 1924, gesoek word. Vandat Hertzog aan Creswell die onderneming gegee het om nie sesessie te propageer nie, het twee belangrike dinge gebeur. Enersyds het Nasionaliste al hoe meer begin twyfel of Hertzog steeds die handhawing van Suid-Afrika se reg op neutraliteit sou beveg. Andersyds het Ryksgesindes sedert 1926 Hertzog toenemend lof toegeswaai. Dit het veroorsaak dat Nasionaliste Hertzog se bona fides in twyfel getrek het.

Teen die jaar 1939 het politici onder die indruk verkeer dat Smuts en Hertzog dieselfde standpunt ten opsigte van neutraliteit gehuldig het, naamlik dat Suid-Afrika die Britse konneksie sou handhaaf.

Die finale besluit wat op 4 September 1939 in die Parlement geneem is, was in Hertzog en Smuts se hande. Hulle toesprake ter motivering van hul standpunte was uiteenlopend en beslis onversoenbaar van aard. Terwyl Hertzog simpatiek teenoor Hitler was,[159] het Smuts Hitler se aggressie as 'n bedreiging vir wêreldvrede en demokrasie, sterk afgekeur. Hertzog het met sy verwysing na die Vrede van Versailles nie rekening gehou met die tydsomstandighede nie. Smuts het egter simpatie gewen vir sy saak deur nie onvoorwaardelike steun aan Brittanje toe te sê nie. Smuts het buitendien sy amendement afgesluit met die geloof dat ondersteuning aan Brittanje ook Suid-Afrika se belange sou bevorder.[160]

Teen hierdie agtergrond is dit begryplik waarom Smuts, met sy fyn diplomasie, 'n oorwinning behaal het.[161]

---oOOo---

159 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 4 Sep. 1939, kol. 23,24; vgl. C.R. Lovell, "An American view of General Hertzog", ***Die Hertzog-annale***, jg. 4, Des. 1955, pp.6-11.

160 L.J. van der Westhuizen, "Die neutraliteitsdebat, 4 September 1939", ***Joernaal vir Eietydse Geskiedenis***, jg. 9, vol. 1, Jul. 1984, pp.44 e.vv.; vgl. P. Meiring, ***Ons eerste ses premiers***, p.42; vgl. B. Schoeman, ***My lewe in die politiek***, p.37.

161 K. Ingham, ***Jan Christiaan Smuts ...***, p.206.

# SLOT

Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie in die dertigerjare het 'n verskeidenheid politieke standpunte met betrekking tot 'n verskeidenheid konstitusionele sake blootgelê. Vir hierdie standpunte kan daar fundamentele uitgangs- en aanknopingspunte gevind word.

Na Uniewording in 1910 het voorstanders van Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie Hertzog se De Wildt-leuse van 1912, naamlik **Suid-Afrika Eerste**, as 'n basiese vertrekpunt geneem. Met die stigting van die NP in 1914 het Artikel 4 van die Program van Beginsels die party se ontvoogdingstrewe weerspieël. Die Balfour-verklaring van 1926, sowel as die Statuut van Westminster en die Statuswette het by die Nasionaliste vanweë hul politieke beskouings besonder sterk aanklank gevind.

Hierteenoor het voorstanders van die bevestiging en verstewiging van die Britse konneksie sterk met Botha se uitgangspunt, dat dit Suid-Afrika se **eer en plig** was om Brittanje te steun, geassosieer. Hoewel Botha hierdie siening met die oog op oorlogsgevaar gehuldig het, het sy volgelinge dit in 'n breër sin vertolk.

Gevolglik het Ryksgesindes die behoud van die Britse konneksie deurgaans as 'n trotse tradisie bejeën. Ryksgesindes het talle argumente aan hul interpretasie dat die Balfour-verklaring 'n gemeenskaplike koningskap bevestig het, gekoppel. Hulle het sterk aanknoping gevind by die gedagte wat beide Smuts en Hertzog gehuldig het, naamlik dat Brittanje Suid-Afrika se grootste vriend was.

Hierdie beskouing oor vriendskap teenoor Brittanje het 'n belangrike verskil in die vertolking van Suid-Afrika se status meegebring. Die Balfour-verklaring en die Statuut van Westminster was in die oë van Smuts en Hertzog besondere gawes uit die hand van die Britse Regering. Die indrukke wat Hertzog in 1926 tydens die Rykskonferensie in Londen van die Britse Regering se houding jeens Suid-Afrika gekry het, was besonder gunstig. Hertzog was diep getref deur die skenking van president Paul Kruger se reiswa aan Suid-Afrika en het in 'n stortvloed van lof teenoor Brittanje daarop gereageer.[1]

---

1 J.J. Oberholzer, "Die mens J.B.M. Hertzog tydens die Rykskonferensie van 1926", ***Acta Academica*** {reeks B}, no. 4, 1971, pp.15-18.

Die neutraliteitsvraagkwessie het in 1911 pas na Uniewording 'n twispunt in die Suid-Afrikaanse politiek geword. Voorstanders van Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie het sedertdien hul standpuntinnames telkens op Suid-Afrika se reg tot neutraliteit geskoei.

In die dertigerjare het die aggressiewe imperialistiese gedragspatrone van sommige Europese regerings, waaronder Duitsland, Japan en Italië, meegebring dat die neutraliteitsvraagstuk in 'n felle politieke debat ontbrand het.

Die neutraliteitsvraagstuk is met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 op die spits gedryf. Australië, Nieu-Seeland en Kanada het soos Suid-Afrika hul ondersteuning aan Brittanje gegee, terwyl Ierland, wat in 1937 van Brittanje afgeskei het, neutraal gestaan het. Australië en Nieu-Seeland se posisie was voorspelbaar aangesien hulle nie die Statuut van Westminster aanvaar het nie. Hulle wou steeds die Britse konneksie handhaaf.[2]

Kanada, wat ook nie die Statuut aanvaar het nie, het egter teen die einde van die dertigerjare na 'n losser konstitusionele verhouding met Brittanje gestreef. Die land het nietemin op 10 September 1939 sy ondersteuning aan Brittanje toegesê. Hiermee wou Kanada aan die wêreld toon dat die eertydse kolonie nie aan Brittanje onderhorig was nie. Al het die land nie neutraal gestaan nie, het sy keuse tog iets van sy vryheidstrewe weerspieël. Te oordeel aan Kanada se leiersrol met betrekking tot die dominiums se ontvoogding vroeg in die twintigerjare sou 'n mens kon verwag dat die land teen 1939 die keuse op neutraliteit sou laat val. Tog het dit nie gebeur nie.[3]

Een gemeenskaplike oorsaak vir Kanada en Suid-Afrika se vertraagde ontvoogding was te vinde in die feit dat beide lande se Regerings vir baie lank die neutraliteitsvraagstuk as 'n akademiese saak beskou het.[4]

---

2 F.R. Scott, "The end of dominion status", ..., pp.150-152; vgl. P. Knaplund, ***Britain Commonwealth and empire*** ..., p.310.

3 F.R. Scott, "The end of dominion status", ..., pp.150-152.

4 F.R. Scott, "The end of dominion status", ..., pp.150-152.

Terwyl die Iere talle brandende politieke geskille gehad het, was hulle dit tog roerend eens dat 'n neutraliteitsbeleid in 1939 gevolg moes word.[5] Dit was dus voor-die-hand-liggend dat hulle met hul nuutverkreë status van 'n onafhanklike, afgeskeide staat die keuse gemaak het om Brittanje nie tydens die oorlog te ondersteun nie. Die tekens was daar dat die Britse Gemenebes, met vier van die ses dominiums se steun aan Brittanje, se oorlogspoging aan die verbrokkel was.

Tussen 1910 en 1919 was die stigting van die NP en sy strewe na sesessie 'n belangrike mylpaal op Suid-Afrika se weg na ontvoogding.

In die twintigerjare het die Balfour-verklaring as die belangrikste baken uitgestaan. Hierby het Hertzog met die stigting van die Departement Buitelandse Sake en die aanstel van diplomatieke verteenwoordigers in die buiteland die Unie se onafhanklikheidstrewe duidelik weerspieël.[6]

Tog het daar gedurende die dertigerjare, weliswaar voortspruitend uit die Balfour-verklaring, verskeie tekens van Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie verrys. Voorbeelde van hierdie ontvoogdingsproses kan in die volgende aspekte gevind word: die Statuut van Westminster; die Statuswette; 'n Suid-Afrikaner as Goewerneur-generaal; die Wet op die Abdikasie van Edward VIII; die Wet op die Kroningseed waardeur Hertzog die deelbaarheid van die Britse Kroon bevestig het; die strewe na 'n eie nasionale burgerskap; 'n nasionale vlag en volkslied en die vasberadenheid van Nasionaliste om te toon dat Suid-Afrika die reg op sesessie en neutraliteit besit het.

Watter rol het die belangrikste politieke figure in hierdie ontvoogdingsproses gespeel? Hertzog as Eerste Minister sedert 1924, Smuts as opposisieleier en latere Adjunk Eerste Minister, Malan as Minister en later leier van die opposisie en Stallard as leier van die Dominiumparty het 'n bepalende invloed op Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie gehad.

Het Hertzog se standpunt sedert 1926 verander? Daar is 'n oormaat van historiese bewyse om bevestigend op so 'n vraag te kan antwoord. Dit is belangrik om daarop te let dat Hertzog oortuig was dat sy ideaal om Suid-Afrika se soewereine status te

---

5 P.H. Kapp, "Nasionalisme en neutralisme en die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog: 'n vergelyking van die faktore en omstandighede wat ontwikkeling in die VSA, Suid-Afrika en Ierland bepaal het", ***Historia***, jg. 36, no. 1, Mei 1991, p.64.

6 H. Muller, ***Generaal J.B.M. Hertzog en die buiteland***, {Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing VIII, 12 Okt. 1978}, p.10.

verkry, na 1926 vervul is.[7] Hy het vanuit Londen teruggekeer met 'n breër perspektief op wêreldgebeure as wat hy vroeër gehad het. Daarbenewens het hy as staatsleier tegelyk die geleentheid en die plig gehad om na beide Afrikaans- en Engelssprekendes se kultuurbehoeftes om te sien. In hierdie tydperk het hy die geleentheid gesien wat hy, sedert hy sy tweestroombeleid aangekondig het, graag wou benut om samewerking tussen die Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes te bewerkstellig. Sy tweestroombeleid kan daarom as 'n eenstroombeleid of konsiliasie, soos dié van Botha, beskou word.

Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie was vir Hertzog na 1926 nie meer 'n doelstelling nie, maar 'n middel tot 'n hoër doel, die samevoeging van Afrikaans- en Engelssprekendes. Die Britse konneksie was dus vir Hertzog nie meer 'n verleentheid nie, maar eerder 'n geleentheid.

Hertzog het dus slegs sy posisie verander.[8] Die politieke toeskouer wat hom van ver af beskou het, kon dit nie so fyn waarneem nie. Daar moet ook in gedagte gehou word dat Hertzog 'n juris was. Hy het gevolglik Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie met sy juridiese beskouing binne 'n wetlike raamwerk geplaas. Sy politieke filosofieë word beter begryp wanneer dit vanuit 'n regsoogpunt beoordeel word. Hertzog se regskundige benadering van konstitusionele kwessies het by hom 'n verskraalde politieke perspektief tot gevolg gehad. Met die uitsondering van 'n Suid-Afrikaner as Goewerneur-generaal, het die ander ontvoogdingswerk wat hy verrig het, 'n wetlike konnotasie gehad.

Hertzog het ondanks sy samewerking met Smuts egter nie die ou nasionale ideaal om die Britse konneksie te verbreek, afgesweer nie. Hy het net sy politieke dienstigheid ter syde gestel.[9] Hy het nie sy beginsels met betrekking tot die deelbaarheid van die kroon, sesessie en 'n reg op neutraliteit versaak nie. Inteendeel, hy het juis die Nasionaliste se gevoel oor die sake met die Wette op die Troonafstand en die Kroningseed weerspieël. Sy neutraliteitsmosie het ook bewys gelewer dat hy steeds Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie voorgestaan het.

---

7 Vgl. L.E. Neame, ***Some South African politicians***, p.9.

8 P.J. Cillié, ***Hertzog en Malan: die jare van skeuring ...***, p.3.

9 INEG, Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P.23.9: T.E. Dönges, Generaal Hertzog as staatsman, 1961, (politieke dienstigheid verwys na die geneigdheid by politici om slegs die belange van hul betrokke partye te dien).

Hertzog het met sy doelgerigte optrede sy deelbaarheidsteorie in die praktyk toegepas. Daarmee het hy baie sterk impuls verleen aan die ontvoogdingsproses en talle kritici, wat hom lank reeds as volslae Ryksgesinde bestempel het, tot diepe nadenke gestem.

Hierbenewens het Hertzog hom waarskynlik met die politieke klimaat in 1926 misreken. Beide Afrikaans- en Engelssprekendes se sentimentele gehegtheid aan historiese kultuurgoed was gedurende 1926 steeds besonder sterk. Dit het die vlagstryd in die twintigerjare bewys. Volgens B.J. Vorster, voormalige Eerste Minister en Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, was nie een van die taalgroepe in die dertigerjare ryp vir samesmelting nie.[10] Daarvan getuig onder andere die kwessie van 'n Suid-Afrikaner as Goewerneur-generaal en die volksliedvraagstuk. Hierdie emosionele bande van Suid-Afrikaners aan hul kultuurerfenis het juis meegebring dat konstitusionele sake aktueel geword het.

Die rol wat Smuts gespeel het as wegbereider en klimaatskepper vir die daarstelling van die Balfour-verklaring van 1926, kan moeilik oorskat word.

Hierdie aanvoorwerk van Smuts vir die verkryging van gelyke status vir die Britse dominiums, het waarskynlik reeds in 1907 begin toe hy vir Campbell-Bannerman, die Britse Premier, oorreed het om selfregeringstatus aan Transvaal toe te ken. Hy het ook in 1907 tot dieselfde slotsom gekom waartoe Hertzog jare later, in 1926 gekom het. Brittanje was Suid-Afrika se grootste vriend. Gevolglik moes Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie begrens word binne die raamwerk van die Britse Gemenebes van Nasies.

Smuts het ondubbelsinnig as voorstander en kampvegter vir die behoud van die Britse konneksie gefigureer. Hy was terdeë bewus van die strek pro-Britse sentiment wat onder Engelssprekendes bestaan het. Hiervan getuig sy politieke kampanjes vir die behoud van Suid-Afrikaners se status as burgers van die Britse Gemenebes. Hy het hom veral laat geld in die politiek ter wille van die behoud van die Britse vlag en volkslied. Dit was vir Smuts van groot belang dat hierdie simbole van Suid-Afrika se Britse konneksie steeds paal en perk aan sy ontvoogdingsproses sou stel.

---

10 INEG, Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P23.30: B.J. Vorster, My herinneringe aan generaal J.B.M. Hertzog en sy invloed op my geslag, 23 Sep. 1982.

Smuts het besef dat Hertzog se Sewepunt-koalisieprogram sy ideaal om die Britse konneksie te handhaaf, nie sou verongeluk nie. Hy was bereid om ter wille van die uitlewing van sy holistiese filosofie onder Hertzog te dien.

Smuts het, anders as Hertzog, sy standpunt rakende konstitusionele sake duidelik gestel. Hy het sy geloof in die Britse konneksie en sy lof aan die Britse Ryk dikwels in sterk omlynde formulerings laat hoor. Sy toehoorders is nie geleentheid gebied om sy uitsprake as dubbelsinnig of vaag te ervaar nie. Hierdie feit, tesame met die feit dat Hertzog dikwels óf geswyg het óf vae stellings en dubbelsinnighede kwytgeraak het, het daartoe gelei dat Smuts deur die breë publiek as die spreekbuis van die Smelterregering ervaar is.

Smuts se besondere vaardige hantering van die sentiment onder Engelssprekende Suid-Afrikaners dat Britse konneksie behoue moes bly, het bepaald 'n sterk en remmende uitwerking op Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie in die dertigerjare gehad.

Wat was Malan se bydrae tot Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie? Hy het in die twintigerjare onder andere tydens die vlagstryd aangetoon dat hy sterk ten gunste van Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie was. Dit was vir hom 'n saak van innerlike oortuiging dat Suid-Afrika se pad na soewereine onafhanklike status geensins binne die grense van die Britse Gemenebes van Nasies kon loop nie. Vandaar die feit dat hy as NP-leier in Kaapland sy volgelinge gemobiliseer het teen die gedagte van Hertzog om met Smuts saam te werk.

Malan het sy stempel op die denkraamwerk van sy Nasionaliste-aanhangers met betrekking tot konstitusionele sake baie duidelik afgedruk. Hy het hulle oortuig dat Suid-Afrika se heil alleen bereikbaar was deur die praktiese toepassing van konstitusionele beginsels waarin hulle geglo het. Dit was onder andere dat Suid-Afrika die reg tot sesessie, neutraliteit en 'n deelbare kroon gehad het. Hulle sou in die dertigerjare, hoe langer hoe meer, die voorste linie uitmaak van die teenstanders van die Britse konneksie.

Malan was enersyds die politieke vergestalting van die nasionale bewussyn van die Afrikaner. Hiervan getuig veral sy knaende standpuntsoeke ten opsigte van neutraliteitsreg by die Regering. Andersyds was Malan die sterk leier wat die NP se eenheid, te midde van onderlinge verskille oor die wenslikheid om 'n Republiek te stig, kon bewaar. Dit was vir hom 'n hoë ideaal om ter wille van Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie sy eie volgelinge bymekaar te hou. Dit is

duidelik dat Malan 'n sterk besielende krag vir die Afrikaner was op sy ontvoogdingspad van die Britse konneksie. Die rol wat Malan in die ontvoogdingsproses gespeel het, is besonder sterk deur ***Die Burger*** uitgedra en ondersteun. Die verhouding wat tussen Malan en die dagblad bestaan het, is by geleentheid as 'n gedugte eenheid beskryf.[11]

***Die Volksblad*** het saam met ***Die Burger*** Nasionaliste se strewe na die ontvoogding van die Britse konneksie vertolk. Die Engelstalige pers het die behoud van die Britse konneksie voorgestaan. Hulle het Hertzog gesteun, dog nie sonder voorbehoud nie. ***The Natal Mercury*** het 'n baie aktiewe ondersteuningsrol met betrekking tot die beleid en standpunte van die Dominiumparty vervul. Die ***Rand Daily Mail*** het egter 'n lae profiel gehandhaaf sover dit die ontvoogdingsvraagstuk aangegaan het. Die druk wat Nasionaliste onder leiding van Malan op die Regering uitgeoefen het, het 'n groot rol in Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie gespeel.

Stallard het met sy paar volgelinge klem op die behoud van die Britse konneksie geplaas. Die Dominiumparty se bewering dat die Regering buite perke was met sy vertolking van konstitusionele wetgewing het selfs nie by Engelse dagblaaie en Britse Regeringsamptenare aanklank gevind nie.

Stallard en sy volgelinge was so uit pas met Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie dat selfs Smuts, hul eertydse leier, vir hulle as 'n verbreker van die Britse konneksie voorgekom het.

Suid-Afrika se verhouding met Duitsland tussen die Eerste en Tweede Wêreldoorlog het 'n besondere implikasie vir die Unie se ontvoogding van die Britse konneksie gehad.[12] Hertzog se simpatieke houding teenoor Duitsland voor en na die Eerste en Tweede Wêreldoorloë[13] het Ryksgesindes laat glo dat dit 'n doelbewuste poging was om die Britse konneksie te verslap. In die lig hiervan was dit dus te verstane dat sy verklaring dat Engeland Suid-Afrika se grootste vriend was[14] nie vir alle Suid-

---

11 P.A. Weber, "Dr. Malan en Die Burger", ***Tydskrif vir Geesteswetenskappe***, jg. 14, no. 4, Des. 1974, p.255.

12 J.C. Smuts, ***Jan Christiaan Smuts***, p.137.

13 G.D. Scholtz, "Generaal Hertzog en die internasionale politiek", ***Die Hertzog-annale***, jg. 3, no. 7, Des. 1954, p.33; vgl. D.J. Joubert (samesteller), ***Oorlogsverklaring 1939 ...***, pp.17,18; vgl. J.C. Smuts, "Britain's cause is South Africa's", ***The African World***, 27 Jan. 1940, p.64.

14 ***Die Burger***, 16 Mrt. 1935: hoofartikel; vgl. ***Die Burger***, 20 Aug. 1935: hoofartikel.

Afrikaners 'n geloofwaardige standpuntinname was nie. Muller[15] beweer nieteenstaande dat Hertzog se standpunt sy oorwoë mening weerspieël het en nie as 'n vooropgesette houding teenoor Duitsland of Brittanje vertolk moes word nie.

---oOOo---

15 H. Muller, ***Generaal J.B.M. Hertzog en ...***, (Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing VIII, 12 Okt. 1978), p.16.